VERJAARSDAE : 31 JANUARIE TOT 6 FEBRUARIE 2010

01/31	JAN VAN JAARSVELD	BECKETT CONDOS 701	Blok 4
01/31	REYNHARDT VAN STADEN	CANTONMENTSWEG 11	Blok 2
01/31	SHELLEY LOOTS	SHEPSTONEWEG 99	Blok 4
02/01	WILLEM SCHOLTZ	DF MALANLN 189	Blok 2
02/01	RUAN VAN DER BERG	HANS STRIJDOMLN 145(A)	Blok 3
02/02	CHRIS (JNR) BOTHA	HANS STRIJDOMLN 212.	Blok 2
02/02	BELINDA BESTER	KRUGERLN 100	Blok 3
02/02	JAPIE HERSELMAN	TRICHARDTWEG 14	Blok 1
02/03	BIANCA NAUDÉ	VILLA SAN MARCO 2	Blok 4
02/03	BOET VAN DER WATH	HANS STRIJDOMLN 15	Blok 4
02/03	HENKIE GRIESSEL	KRUGERLN 126	Blok 3
02/03	CARLA VAN WYNGAARDT	KRUGERLN 187	Blok 2
02/04	PEET ENGELBRECHT	LANGEBRINKWEG 49B	Blok 3
02/04	JOHAN NEL	HANS STRIJDOMLN 92	Blok 3
02/04	FRIEDA COLLINS	STORMSTR 259A	Blok 4
02/05	FRANS VD WESTHUIZEN	FITZPATRICKWEG 50	Blok 2
02/05	HENNIE STEYN	DF MALANLN 249	Blok 1

SPESIALE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan oom Boet van der Wath wat Woensdag, 3 Februarie sy 85ste verjaarsdag herdenk. Mag die nuwe lewensjaar vir u vol vreugde en seën wees.

HUWELIKHERDENKINGS

MAANDAG, 1 FEBRUARIE

BASIE EN JOEY WOEKE	HANS STRIJDOMLN 110	Blok 3
DARRYL EN DOLLY PIENAAR	TULIP PARK 29	Blok 4

SATERDAG, 6 FEBRUARIE

JOHAN EN BLONDIE LANDMAN	SMUTSLN 254	Blok 1
PHILLIP EN ANADRA CRAFFORD	VAN RIEBEECKLN 196	Blok 2

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

5 Maart 2010, 10:00

Centurion-Wes Presbiteriaanse Kerk is die gasvrou gemeente in Centurion vanjaar. Die biddag is op 5 Maart 2010 om 10:00 en ons adres is Alettalaan 186, Raslouw. Alettalaan draai links uit Ruimteweg as jy in 'n westelike rigting ry, net nadat jy Rooihuiskraalweg gekruis het. Dit is naby die Mall @ Reds en naby Ruimteweg en Rooihuiskraalweg. Die GPS ko-ordinate is Garmin: S 25 52.03 48 - E 28 07. 53 34.

ATTESTATE ONTVANG

Vanaf Standerton Wes:
Belydende Lidmate: Johan Gottfried Zietsman
Susanna Maria Maré (nou Zietsman)

Hulle woon in Trichardtweg 13 (Blok 1)

Ons hoop julle sal baie gelukkig wees by Lyttelton-Oos en dat julle by die aktiwiteite sal inskakel.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 31 Januarie 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 31 JANUARIE
09:00 Erediens: Freddie Schoeman (Voorbereiding)
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinnekuier/speel saam

MAANDAG 1 FEBRUARIE
19:00 Bedieningspanvergadering

DINSDAG, 2 FEBRUARIE
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30 Alpha-kursus

WOENSDAG, 3 FEBRUARIE
09:00 Merk artikels Rommelverkoping
17:00 Biduur
19:00 Ouderlingevergadering

DONDERDAG, 4 FEBRUARIE
06:30 Rommelverkoping
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 5 FEBRUARIE
18:00 Jeug: OppiKoffie

SONDAG, 7 FEBRUARIE
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 **Nagmaal:**
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/speel saam

MAANDAG, 8 FEBRUARIE
19:00 Bedryfspanvergadering

DINSDAG, 9 FEBRUARIE
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30 Alphakursus

WOENSDAG, 10 FEBRUARIE
17:00 Biduur

DONDERDAG, 11 FEBRUARIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SATERDAG, 13 FEBRUARIE
10:00 Klub Immergroen — Tee

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Michiel en Esmarie van Niekerk, Tugelastr 114 met Esmarie wat hierdie week 'n ernstige operasie ondergaan (Blok 4).
2. Adam en Shereen Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se moeder wat ernstig siek is (Blok 4).
3. Willie en Tania Neü, Krugerln 250 met Tania se moeder wat ernstig siek is (Blok1).
4. Johan en Elize de Beer, Krugerlaan 218 met Johan wat nog behandeling ondergaan (Blok 2).
5. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat nog voortdurende rekonstruksie-prosedures ondergaan na die kaping (Blok 1).
6. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma WS 4 met Pieter wat behandeling vir kanker ondergaan (Blok 1)
6. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op 'n skenker vir 'n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

KERKRAADSVERGADERING

Kerkraadslede moet asseblief kennis neem dat die Kerkraads-vergadering verskuif is na WOENSDAG, 24 FEBRUARIE

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

19 Januarie 2010—23 Maart 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsgemeenskap ken nie en bou 'n verhouding met hulle op.
Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik
om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

GEBEDSBEDIENING
SONDAG 31 JANUARIE 2019

Liewe Gemeente

Januarie is alweer op sy kop. Die tyd gaan net te vinnig verby en jy dink jy wou nog iets gedoen het dan is die tyd daarvoor verby. Ons sal moet leer om op 'n manier rustig te raak en tyd te maak vir dinge wat werklik belangrik is soos om God se wil oor ons lewe en ons tyd te vra. Wat 'n gejaag is dit nie elke dag nie en waarvoor vra ek myself soms af. Waarvoor jaag ons altyd so na wind. Ons het hopeloos te veel vir wat ons wil doen in te min tyd wat aan ons gegee word. Ek dink 'n mens moet bietjie tot stilstand kom en jou prioriteite begin bepaal en kyk of die dinge waarmee ons so besig is werklik betekenis het en waaroor en waarvoor dit alles is. Ek glo nie God het aan ons hierdie lewe gegee om onsself so te stres en te jaag na dinge wat nie belangrik is nie. Ons moet voor Sy voete gaan sit en vra wat die rede is vir ons bestaan. Wat God in gedagte het vir jou en vir my. Ons is almal hier op aarde geplaas, op hierdie spesifieke tyd en plek, met 'n doel - God se doel en ons moet daarna soek. Raak hierdie week rustiger en stil en soek God se wil in jou lewe. Ek dink ons gaan verbaas wees as ons uitvind wat dit is.

Here my God, ek het tyd. Oorgenoeg tyd. Al sê ek so dikwels: "Jammer, maar ek kan eenvoudig nie dit ook nog inpas nie".

Ek het al die tyd wat U my gegee het:
Al die jare van my lewe
Die dae van my jare
Die ure van my dae
Dit alles het ek tot my beskikking om te vul.
Maar hoe?
Rustig, kalm met sinvolle aktiwiteite?
Of holderstebolder en vervaard?
Here, ek bring my tyd na U toe. Maak asseblief uit die brak en smaaklose water van my gejaagde ure geurige, vol, ryk wyn - soos daardie dag in Kana - sodat ek ander se dors daarmee kan les

Amen

Mag u 'n wonderlike vrugtevolle week hê

Die gebedspan

Mariana Strydom 0824515811
Retha Wessels 0827720955
Madelaine Steyn 0823542455

OMGEEBEDIENING

Hierdie jaar wil ons graag met ons bedienings begin deur op u 'n beroep te doen om van hulp te wees. Hoe meer gemeentelede betrokke raak hoe minder tyd het elkeen nodig om hieraan te bestee. " Vele hande maak ligte werk" is die spreekwoord en ons het regtig 'n hele paar hande nodig om die werk maklik en lig te maak.

Soos u reeds al 'n paar keer in die familienuus gesien het, is daar 'n paar onderafdelings by die Omgeebediening. Ek noem hulle hieronder weer. Kyk waar u graag wil help en waarheen die Here u hart se punt trek. Kom meld by my aan so gou moontlik.

Omgeebediening: Gaan oor mense en hul behoeftes. Dus, as u lief is vir mense is dit die plek vir u!!

Beradingsgroep: Ons is nie terapeute - nie net mense wat luister en omgee. Dit word baie streng vertroulik hanteer. Die bediening sluit in Trauma - soos dood in familie, inbrake ens. Ook Jeug-probleme – dwelms, drank, hantering van groepsdruk, ensovoorts.

Voedselbediening: Dit is nie net vir mense wat nie kos het om op die tafel te sit nie. Dit is ook vir mense wat opgeneem word in die hospitaal; wat siek is by die huis; wat iemand aan die dood afgestaan het. Ons is daar om hulp te verleen vir twee tot drie aande se etes of enige iets anders wat nodig sou wees. Hier het ons die gemeente se insette en ore en oë nodig om ons in kennis te stel van sulke gevalle.

Sieke/hospitaalbesoek span: Ons wil Ds. Freddie se werk 'n bietjie verlig deur hom van hulp te wees om op 'n meer gereelde basis die siekes te gaan besoek en om te gee.

Telefoonbediening: Vrywilligers word benodig wat bereid sal wees om noodlyndiens te doen vir enige gemeentelid wat nie direk met iemand wil praat nie. Die bediening is 'n 24 uur bediening - dus moet u bereid wees om enige tyd beskikbaar te wees. Daar sal so gou moontlik 'n kursus aangebied word.

Vervoerbediening: Ons wil mense bystaan deur hulle te vervoer na funksies by kerk - veral in die aande, of mense wat nie 'n voertuig het nie wat hospitaal toe, na 'n kliniek of winkels toe moet gaan.

Die volgende aksies resorteer ook onder die Versorgingsproses:

Begrafnisbediening, Klub Immergroen, Selgroepe, Jeugselgroepe, Gebedsnetwerk en Sosiale Netwerk.

Die volgende vergadering vind plaas Maandag, 1 Februarie om 19h00 in die Gemeentesentrum. Ons sien uit daarna om u daar te ontmoet.

Madelaine Steyn
Sel: 0823542455

LEER JOU BYBEL KEN!

Doen dit op een of beide van die volgende maniere:

'n e-Dagstukkie elke dag in jou inboks!

Werk die Bybel sistematies boek-vir-boek deur 'n gedeelte uit die Bybel elke dag te lees en dan 'n verklaring daarvan daagliks per e-pos te ontvang. Dit is 'n uitstekende manier om die konteks van sekere "onverstaanbare" Bybelverse te verstaan en dan helderheid daaroor te verkry. Mettertyd begin die rykdomme en skatte van die Bybel vir jou al hoe meer toeganklik word!

Die boeke van die Bybel is bedoel om van begin tot einde as 'n geheel deurgelees te word. Slegs op hierdie manier kan ons begin verstaan wat die bedoeling en boodskap van die oorspronklike skrywer was.

Teken in teen slegs R50 per jaar deur die volgende webblad te besoek:

www.sinoos.co.za

Volg die skakel na "Daaglikse e-dagstukkies" wat aan die regterkant van die blad verskyn.

Lees die boeke van die Bybel in volgorde waarin dit ontstaan het.

Het jy geweet dat Jona en Rut in dieselfde tyd geskryf is en perspektief en balans op die boodskap van Esra en Nehemia bied? Of dat Daniël en Ester die jongste boeke in ons Ou Testament is en in die tyd van Makkabese opstande geskryf is? Of dat die evangelie van Johannes en Openbaring saamgelees behoort te word en dat Openbaring meer oor die verlede as oor die toekoms sê?

Dit is onverantwoordelik om die boeke van die Bybel buite hulle ontstaanskonteks te probeer verstaan. *Wanneer ons hierdie konteks egter in berekening bring, vou die inhoud en betekenis van die Bybel voor ons oë oop en hoor ons die stem van die Here soos nog nooit tevore!*

Woordwyser II Bybel in Konteks wil die Bybelleser graag help die Bybel binne konteks te verstaan. Bestel dié insiggewende publikasie by die teetafel teen R90 per kopie.

Die meeste gelowiges in ons land beskik oor 'n Bybel—selfs 'n hele paar! Maar lees ons dit gereeld? En verstáán ons wat ons lees? Woordwyser se e-dagstukkies en die publikasie* Bybel in konteks *wil die gelowige help om aan die lees te kom en dan met begrip te lees.

Maak gerus gebruik van hierdie geleentheid om die Bybel beter te verstaan en vertel ander ook daarvan.

RUSOORD — BEDDENS BESKIKBAAR

Rusoord het tans beddens beskikbaar in die versorgingsafdeling vir mans. Belangstellendes kan matrone Labuschagne kontak by 012 - 664 5835.

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente
en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy 'n unieke bydrae kan lewer

Vier werksinkels hierdie jaar:
20 Februarie 2010 (08:00—16:00)
15 Mei 2010 (08:00—16:00)
28 Augustus 2010 (08:00—16:00)
23 Oktober 2010 (08:00—16:00)

Koste: R290
(Sluit in: 'n internet-toets wat vooraf gedoen moet word; kursusmateriaal, verversings en 'n middagete)

Skryf in deur:
'n SMS te stuur aan 0845818139
'n Terugvoervorm te voltooi
Bywoning op ons Facebook bladsy aan te dui
(soek vir NG Gemeente Lyttelton-Oos)

ROMMELVERKOPING

Die volgende rommelverkoping ten bate van Bybelverspreiding vind plaas op ***DONDERDAG, 4 FEBRUARIE 2010 VANAF 06:30.***

U kan reeds nou al u kaste nagaan en artikels wat vir u in onbruik geraak het skenk vir die verkoping. Lewer dit asseblief by Ria Maree, Fitz Patrick-weg 21 af (664 3364) of Dries van der Merwe, Van Riebeecklaan 149 (664 2469).

Hulp sal ook waardeer word met die merk van artikels op ***WOENSDAG, 3 FEBRUARIE VANAF 09:00.*** By voorbaat dankie daarvoor!

LET WEL: Met die oog op logistieke hantering verskil die dae van wat dit in die verlede was. Die tyd bly nog dieselfde.

Ons maak staat op u ondersteuning soos in die verlede.

NG GEMEENTE LYTTELTON-OOS : ROEPING

Die roeping van Lyttelton-Oos Gemeente is om God te verheerlik deur dissipels te wees wat vrugte dra.

Dissipels wat vrugte dra leef 'n lewe in oorvloed – 'n lewe van liefde, vreugde en vrede.

Ons glo dat elke lidmaat 'n geroepe dissipel van Jesus Christus is en dat dit ons as gemeente se gesamentlike verantwoordelikheid is om elke lidmaat as dissipel te vorm. Daarom is die ideaal nie net dat elke lidmaat gevorm sal word as dissipel nie, maar om ook ander te help om as dissipels gevorm te word.

Ons gebruik die metafoor van 'n saad wat geplant word, ontkiem, groei en uiteindelik vrugdra as metafoor om die proses van dissipelvorming voor te stel.

Dissipelvorming geskied deur vyf prosesse:

Plant-proses – dit is die proses waardeur die liefde van God in mense se harte geplant word. Die boodskap van God se onvoorwaardelike genade moet 'n integrale deel wees van elke lidmaat se geloofsbelewenis.

Sorg-proses – dit is die proses waardeur die saad wat geplant is versorg word. Die liefde en sorg van lidmate van die gemeente vir mekaar as broers en susters bied die vrugbare teelaarde vir die boodskap van God se genade om te ontkiem en te groei.

Voed-proses – die is die proses waardeur die groeiende plant versterk word met die nodige voedingstowwe. Elke lidmaat moet geestelike gevoed word deur die Woord en die Sakramente (doop en nagmaal) in die eredienste, in persoonlike stiltetye, in retreats, bidure en Bybelstudies.

Groei-proses – dit is die proses waardeur die plant groei tot volle wasdom. Lidmate word geroep om die volle potensiaal waarmee die Here hulle toegerus het te ontdek en te ontwikkel.

Vrugdra-proses – dit is die proses waardeur die plant vrugte begin dra wat uiteindelik lei tot 'n ryk oes. 'n Lidmaat wat vrugte dra neem met ywer deel aan die vestiging van God se koninkryk op aarde deur die saad van God se liefde in ander mense se lewens te plant en om 'n stukkende wêreld heel te maak.

OMSENDBRIEF VIR JEUG OUERS 2010 NO 2

Liewe Ouers

Heel eerste wil ek baie baie dankie sê aan al die Mammas en Pappas wat hulle bereidwillig gestel het vir mentorskap hierdie jaar. Dis bo my en Alma se verwagting gewees en ons dank die Here vir sy hand hierin. Ek wens elkeen 'n wonderlike jaar toe en mag hierdie ondervinding vir elkeen van julle van groot waarde wees.

Ons het 39 inskrywings onder die Junior groep en 28 inskrywings onder die Senior groep. Ek is seker daarvan dat dit nie al kinders in ons gemeente is nie en nog minder in ons omgewing. Dus moet ons 'n bietjie navorsing gaan doen en daarvoor het ek elkeen se hulp nodig. As u inligting het van kinders wat nie ingeskakel het nie laat weet my asseblief so gou moontlik sodat ons met hulle kontak kan maak.

Indien daar van die kinders is van wie daar nog nie 'n foto geneem is nie moet hulle asseblief na kerk by my aanmeld sodat ons een kan neem vir die verjaarsdag kalender.

Ouers asseblief, indien daar enige navrae, bekommernisse of iets wat u pla is, kom gesels asseblief direk met my sodat die saak/probleem dadelik opgelos kan word.

Dan wil ek weereens vir Cá Momberg en Susan Dry baie baie dankie sê vir julle verfwerk by die kleintjies se klasse. Dit lyk baie mooi en ons gaan nog baie van julle talente gebruik maak. Dit word opreg waardeer.

Mag u met u kroos 'n wonderlike week ervaar.

Madelaine Steyn (Sel: 0823542455)